

Druk uit en  
hou in jou Bybel



Geopende *Deure*

# GEBEDSKALENDER

NOVEMBER 2019

## 1 | MANS VAN DIE VERVOLGDE KERK

Christenmanskans ervaar verskeie vorme van druk, soos by die werk, verpligte diens aan die weermag of burgermagte, en geweld. Bid saam met Geopende Deure vir dié mans – dat God hulle sal toerus vir die vervolging wat hulle ervaar as leiers, leraars, dissipel-makers, vaders en broers.

## BID VIR ONS KERKLEIERS...

**2 | INDIË** Bid vir pastoor Vinay, wie se kerkdienst deur h groep ekstremiste gestop is. Bid vir sy beskerming en die gelowiges wat hy lei, asook vir dapperheid om te volhard afgesien van die vervolging.

**3 | LAOS** Sua\* besoek kerke om gelowiges te bemoedig en saam met hulle te bid in noord- en sentraal-Laos. Tydens sy besoeke vertel gelowiges gereeld van die uitdagings wat hul ervaar as Christene. Bid dat God vir Sua wysheid in sy bedieningswerk aan hierdie gelowiges sal gee.

**4 | ALGERIË** Kerkleiers in Algerië doen baie moeite om hul kerklede te bedien, asook om uit te reik na geïsoleerde gelowiges. Bid vir krag vir die pastore en leiers terwyl hulle hulself aan druk en vervolging blootstel in dié tyd van politieke onrus.

**5 | TUNISIË** Bid vir eenheid onder kerkleiers in Tunisië. Bid dat kerke sal saamstaan te midde van die reeds gespanne situasies weens druk van buite.

“Yster slyp yster, so vorm vriende mekaar.”

Spreekre 27:17 (NLV)

**6 | BANGLADES** Pastoor Anadi Biswa, sy vrou, en kinders, het net-net met hul lewens ontsnap toe hul kerk afgebrand is in April. Bid vir pastoor Anadi, asook sy kerklede en hul families, dat God hulle sal versterk om Hom te bly dien selfs wanneer hul bang is.

**7 | OESBEKISTAN** “Die vervolging neem daaglik toe en ons leer om te midde daarvan te lewe,” sê pastoor Oleg. Bid dat pastore soos Oleg met God se hulp die druk sal kan deurstaan en dat God hul bedieningswerk sal seën.

**8 | IRAK** Bid vir die beskerming van priesters wat voorspraak maak in Irak. Die werk wat hulle doen is belangrik, maar ook gevaarlik. Bid dat God vir hulle wysheid en leiding gee in al wat hulle doen om die Kerk in Irak te dien.

**9 | SIRIË** Dank die Here vir pastore en priesters soos pastoor Abdallah wat gekies het om in Sirië te bly gedurende die oorlog. Sulke pastore het baie van hul lidmate bemoedig om ook te bly. Hulle het ook verskeie aktiwiteite ontwikkel om behoeftiges te help. Bid dat God in al hul behoeftes sal voorsien en hulle sal bly toerus vir hierdie werk.

## BID VIR ONS LERAARS EN DISSIPEL-MAKERS...

**10 | SENTRAAL-ASIË** Ilmur\*, wat in sy eie woorde voorheen ’n “baie slegte persoon” was, reis nou as ’n evangelis na afgeleë plekke om kos en klere na behoeftiges te neem om hulle God se liefde te wys. En wanneer dit veilig is, verkondig hy ook die Evangelie. Hy vra dat ons sal bid dat hierdie mense sterk sal bly in hul geloof.

**11 | BROENEI** ’n Jeugpastoor vra ons om te bid vir die dissipelskap van jongmense in Broenei. “Bid vir ouer, meer volwasse

## BROENEI vervolg

gelowiges om saam met jonger gelowiges te stap om hul versoekinge die hoof te bied, te voldoen in behoeftes, ’n duidelike visie en rigting aan te gee en God as hul kompas te behou.”

**12 | CHINA** Jacob\*, ’n jong Gelowige vanuit ’n Boeddhistiese-agtergrond, het ’n passie vir sy eie onbereikte mense en beplan om ’n inheemse kerk te begin. Al word hy gereeld vervolgd, is hy vasberade om die kerk te begin nadat hy gematrikuleer het. Bid dat hy versterk sal word in sy geloof en oortuiging om verlore nes te bereik.



**13 | KENIA** Toe Wario gered is, het hy by evangelisasie betrokke geraak. In Februarie, as gevolg daarvan, is sy huis deur dorpenaars aan die brand gestee. Gelukkig is niemand beseer nie. Bid dat die Here hom sal seën terwyl hy moedig sy bedieningswerk volhou.

**14 | KAMEROEN** Abdias\*, h Gelowige vanuit h Moslemagtergrond, is geslaan omdat hy h opdrag verontagsaam het om nie te preek of die Evangelie met Moslems te deel nie. Sommige kerkleiers het hom aangeraai om die gebied te verlaat omdat dit al voorheen gebeur het. Bid vir krag vir Abdias in sy bediening asook vir sy kinders wat teen hom gedraai word.

**15 | COLOMBIË** Pastoor Javier García was vroeër vanjaar kronies siek nadat iemand toordery op hom gebruik het. Hy het weer sy kragte herwin toe hy die rituele sakkie vir die toordery, wat in sy tuin begrawe was, gevind het. Hy glo dat dit geplant is deur iemand wat wil hê dat hy moet ophou evangeliseer. Bid vir sy beskerming, asook vir ander wat sulke toordery ervaar omdat hulle die Evangelie verkondig.

### **BID VIR ONS VADERS...**

**16 | HORING VAN AFRIKA** Sibsaba\* (43) is h getroude pa van drie kinders. Toe die plaaslike mense hoor dat hy tot Christenskap bekeer het, het hulle hom geslaan en kaal uitgetrek en toe sy oeste en koffiebome vernietig. Hy is gedwing om te vlug en weg te kruip sonder enige hoop op geregtigheid. Bid vir die Here se beskerming en voorsiening vir Sibsaba, sy familie en sy gashere.

**17 | TSJAD** Ousmane (34) het in 2017 h Christen geword. Toe sy uitgebreide familie hiervan uitvind, het hulle hom gedreig en hy ervaar ook verwerping van die gemeenskap. Bid vir krag vir Ousmane om te bly vashou aan sy geloof en dat sy vrou en kinders ook vir Christus sal leer ken.

**18 | BANGLADESJ** In Augustus, tydens h stiltetyd saam met sy gesin, is Mizanur Rhaman (25), h Gelowige vanuit h

### **BANGLADESJ vervolg**

Moslemagtergrond, geslaan en gemartel deur sy ouer broer en h paar dorpenaars. Hy, sy vrou en kinders moes van hul huis vlug wat deur sy broer en die dorpenaars vernietig is. Bid vir God se beskerming oor Mizanur en sy gesin.

**19 | CHINA** Prys die Here dat Ammar\*, h Gelowige vanuit h Moslemagtergrond, vroeër vanjaar vrygelaat is uit een van China se sogenoemde 'beroepsopleiding-sentrums'. Bid, noudat hy en sy gesin herenig is, dat God vir hulle sal onderneem namate hulle herstel van die gedwonge tyd van skeiding.

**20 | VIËTNAM** Na Vuong h Christen geword het, het hy sy werk by die Kommunistiese Party verloor en het hy ook teistering en geweld van sy gemeenskap ervaar. Eindelik, weens die vervolging, moes hy en sy vrou en kinders vlug. Bid vir Vuong se lewensbestaan – dat die Here sal bly voorsien sodat Vuong sy kinders kan versorg.

**21 | EGIPT E** Magid het h enkelpa geword nadat sy vrou in die 2017 Palmsondag-bomaanvalle dood is. Hy en sy twee jong kinders maak vordering, maar Magid verlang na sy vrou, en sy kinders na hul ma. Bid dat Magid en sy kinders God se nabyheid sal bly ervaar terwyl hul lewens voortgaan sonder h vrou en ma.

**22 | SRI LANKA** Jegan het beide sy vyfjarige dogter, Anjaleena, en sy vrou, Sinhuri, in die Sri Lanka-bomaanvalle vroeër vanjaar verloor. Hy het voor die voorval opgehou kerk toe gaan, maar nou is dit selfs meer onwaarskynlik dat hy sal teruggaan. Bid dat hy sy pad sal terugvind na Christus, en dat hy God se troos sal ervaar.

## BID VIR ONS BROERS...

**23 | INDIË** Bhima\* is geboikot deur sy gemeenskap weens sy geloof in Jesus. Plaaslike Geopende Deure-vennote het hom gehelp om h'n kruidenierswinkeltjie te begin sodat hy na homself kan omsien. Maar toe godsdienstige ekstremiste dit sien, het hulle iemand gekry om hom met h'n motorfiets om te ry en is sy been gebreek. Bid asseblief vir spoedige herstel.

**24 | NEPAL** Ashu\* was besig om twee ander mense te help om h'n dooie koei van die rivierbed te verwyder, toe hy gearrester is op valse aanklagtes dat hy die koei doodgemaak het. Koeie word as heilig geag in Nepal waar Hindoeïsme die meerderheidsgeloof is. Bid dat Ashu van blaam vrygespreek sal word en na h'n normale lewe kan terugkeer.

**25 | LIBIË** Mahmoud\* is die enigste gelowige in sy uitgebreide familie, maar hy kies om steeds saam met hulle te bly. Bid vir beskerming en wysheid vir hom in hoe om sy geloof uit te leef dat hy h'n lewende getuie sal wees vir sy familie.

**26 | IVOORKUS** Tiekoma (33) het in 2018 tot bekering gekom. Sy familie was woedend en het hom gedreig toe hy kerk begin bywoon. Hulle het ook sy plaasgrond gevat, wat dit vir hom baie moeilik maak om te oorleef. Bid vir God se beskerming en voorsiening vir hom, sowel as vir die verlossing van sy familie.

**27 | UGANDA** Hamuza, wat voorheen h'n imam by h'n moskee in Kampala was, en twee van sy vriende het Christene geword nadat hulle h'n kopie van een van die Evangelies ontvang het. Hy vrees vir sy lewe nadat een van dié vriende in Desember doodgemaak is. Bid dat die Here Hamuza se geloof sal onderhou en hom sal beskerm teen enige gevaar.

**28 | EGIPT** Toe Mostafa se neef, Mohammed, h'n Christen geword het, is hy deur sy familie beveel om hom te vermoor oor die skande wat dit oor die familie gebring het. In stede het Mostafa self h'n Christen geword en vandag aanbid hulle Christus in die geheim. Bid vir hierdie twee mans – om te bly groei in die geloof.

**29 | MEXIKO** Vroeër vanjaar was Marcelino en sy pastoor gevange gehou vir twee dae. Marcelino is gevra om h'n dokument te teken waarin hy onderneem om die regstappe teen sy aanvallers te laat vaar, en ook om die regskostes te dra wat aangegaan is. Bid dat geregtigheid sal seëvier terwyl die hofsak teen Marcelino se aanvallers voortgaan.

**30 | CHRISTENMANS IN SUID AFRIKA** Bid vir die mans in ons kerke – om op te staan as vaderfigure vir die wat in die steek gelaat is, dat waar hulle werkloos is, God hulle sal voorsien van werk en dat Hy hulle op h'n kragtige manier in ons land sal gebruik om Sy manlike beelddraers in hul gemeenskappe en h'n stem vir ons vervolgte familie te wees.

\*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg  Maar nooit alleen.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

[www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)  
Posbus 1771, Cresta, 2118  
T +27 11 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)